Die Man wat Alles Saamdoen    N/Ank 12 Mei 63

Gs. 133: 1,3,4.
" 62: 4
Ges. 98: 3, 6.
" 127: 3.

Luk. 24: 13–31

C.H.

Luk. 24: 15 – En terwyl hulle praat en mekaar ondervra, kom Jesus self nader en loop met hulle saam.

As ~~...~~ dit goedgaan met 'n mens het jy nie altyd behoefte aan 'n goeie vriend se teenwoordigheid nie, maar as dit moeilik gaan, as die wêreld jou druk dan wil jy so graag weet: is daar êrens iemand wat beskikbaar is as ek hom nodig het, iemand wat tyd en lus het om na my te luister, wat my verstaan en kan raadgee?

Vir die Christen is dit 'n vraag v. dubbele belang want ons as Christene bely dat Jesus Xt. altyd beskikbaar is, dat deur sy Opstanding uit d. dode Hy oral en altyd teenwoordig is waar iemand Hom nodig het, en dat Hy presies raad weet met al ons moeilikhede. Hier die vr. is: Is dit so? Glo ons dit? Ondervind ons dit? ~~Hoe~~ Hoeveel van u kan v/m. as u hier in d. diens gevra word om te sê, getuig dat u dit persoonlik ondervind het die afgelope week? En indien nie, waarom nie?

Ek glo dat vir almal van ons d. ontmoeting van Christus met d. Emmaus-gangers na sy opstanding besonder baie kan help om te ontdek hoe Xtus ons wil en kan help. ~~en~~ Want ons leer Hom hier ken as die Een wat saamloop, saam praat, saam eet.

I Hy loop saam – skynbaar as Vreemdeling.

Dis wat hier gebeur – op pad na d. klein dorpie 8 myl v Jerusalem. Jesus kom loop hier saam, sommer so stilweg v ongemerk sluit Hy Hom aan by d. 2 manne op hd. plaaspaadjie as 'n vreemdeling langs d. pad. So is Xtus altyd.

1) <u>Hy loop saam met d. bekendes & onbekendes</u> (Kleopas – onbekende (suggestie oor Lukas) Dank die Here dat ek se naam nie genoem – dis d. bewys dat u naam in sy plek genoem kan word

2) <u>Hy loop saam op afgesonderde paadjies</u>: Hy beweeg nie net op d. groot snelweë, d hoofparade, mr. ook met hulle wat op d sypaadjies loop. Hy loop ook saam op u paadjie, in u rigting, na u huis!

3) <u>Hy loop saam as d. Vreemdeling, d. Onbekende:</u> Waarom hulle Hom nie herken? a) Die ongelooflike v.d. gedagte dat Hy kon lewe b) Die skynsel v.d. Anderwêreldse wat Hom omring as 'n skuier dien tussen Hom en ander (M. M.)

– Het u al ooit daaraan gedink: Xtus ontmoet u op d. mees onverwagte en onbekende plekke: in die vraag van u kind ifa Katkisasie, in die toevallige opmerking van 'n vriend oor sy huwelik, in die moeilikheid wat u tuinjong het oor sy pas, in die hakplek wat kom oor die sluiting van 'n besigheidskontrak – ja, dis dalk Hy, die Onbekende. En u herken Hom nie dadelik nie want u is te besig met uself en u eie probleme

Mr. die vr. is nie of u Hom dadelik herken nie, maar of Hy welkom is om saam te loop? Of gaan u Hom skeef aankyk? Sien u Hom as Indringer & as Hy deur iemand of iets anders na u kom?

II <u>Hy praat saam – Skynbaar as leerling</u>:

Dit is altyd Xtus se metode: Hy vra vrae om mense a.d. praat te kry. En as hulle eenmaal begin praat laat Hy hulle rustig begaan. Hy skep rondom Hom d. atmosfeer van <u>rustigheid</u>

vertroulikheid, ontmoeklikheid sodat hulle hulle siele kan ontlaai van al d. drukkende laste, sorge, twyfel, vrees & skuld! (Boek Taylor Caldwell: The Man who Listens) Dis die Christus wat ons hier ontmoet: as die Man wat luister!

Waaroor hulle praat: Hulle hoop & verwagting, hulle twyfel & teleurstelling. N.B. Hulle diepste gedagtes — verberg niks. Ons:

Xtus neem oor: Die leiding word leermeester.

a) Betig hulle: — verstand
— hart

b) Onderrig hulle: Van Moses & Van d. profete
Die O.T. word 'n nuwe boek! Die Bybel word aktueel — toegepas op d. situasie waarin hulle is!

① Daar waar 2 mense ernstig en opreg oor Xtus praat is Hy teenwoordig. Praat ons oor Hom? Die swygende Xtene! Die swygende Xdom!

② In d. oomblikke van ons diepste teenwoordigheid & nood en frustrasie is Hy altyd daar!

③ Hy wil u laat praat & dan dat u na Hom luister: Doen u altwee?
— Praat u met Hom? (Billy v.d. M.)
— luister u na Hom?

III Hy Eet Saam — Skynbaar as d. Stemeling:

Christus gaan saam met hulle in en hulle hinsgaan eet saam met hulle 'n gewone aandete. dit was nie as Nagmaal bedoel nie. Mr. maar Christus met ons gaan saam eet daar word elke maal 'n Avondmaal, elke stukkie brood gebreke & geseënde brood.

Brood: die teken v. verswakking v.d. liggaam — herneming nodig. Kragte moet opbou. Xtus eet ook saam: skynbr as d. swakke, d. een wat ook sterwe. Mr. by d. breking v.d. brood gaan d. oë oop v almal wat saam a.d. Tafel sit en dan ⊕ ontdek hulle Hom nie nie Hy is — die eenwat gesterwe het, Kloar, en nou leef! ~~Opst~~ Verlosser. —

→ Is u in moeilikheid? Moedeloos? Vermoeid? Worstel u met versoekinge wat nie u teveel is?
→ Kom dan na d. Nagmaal! Want as juis in en by d. breking v.d. brood dat U Xtus ontdek: as d. Here oor u leeu, die hemendaw